DR. A. D. R. POLMAN, *Onze Nederlandsche Geloofsbelijdenis*, Franeker, T. Wever. Twee dele, per deel 20/6.

Soos die skrywer in sy „Woord Vooraf" verklaar, het hierdie studie sy ontstaan te danke aan 'n opmerking van Dr. W. J. Alders dat die Ortodoksie in ons dae nie behoefte het aan nuwebou nie, maar voorlopig nog genoeg te doen het om hom enigsins op die hoogte te stel met wat die Hervorming en veral ook wat die ou Kerk bedoel en gesê het. Die doel van die skrywer was dan ook om die vaders uit die bloeityd van die Reformatoriese teologie aan die woord te stel, en ook die ou Kerkvaders en uit hulle geskrifte as dit ware 'n kommentaar te gee op die Nederlandse Geloofsbelydenis. Hoe meer hy met hul geskrifte kennis gemaak het, hoe groter sy aarseling geword het om tog iets te publiseer. Maar twee redes het hom beweeg om dit tog te doen. Die eerste is die groot belangstelling wat daar in die laaste tyd vir die Reformatoriese teologie is. Ook godgeleerdes soos Barth en Brunner beroep hulle in hul geskrifte voortdurend op die Hervormers. Maar baie teoloë meen dat Barth en Brunner die Reformatore verkeerd verstaan en ook ten onregte kritiseer. Die tweede rede waarom Dr. Polman gemeen het om sy studie tog te moet publiseer, is die herlewing van de gedagtewisseling tussen Rome en die Protestante.

In 'n breë en uitvoerige inleiding van 95 bladsye gee Dr. POLMAN sy opvatting oor die wese en waarde van belydenisskrifte. Hierdie oorsig probeer histories goed gefundeer te wees, en het 'n uitvoerige litteratuuropgawe; dit is 'n inleiding wat op sigself vir die leser 'n belangrike studie is. Die skrywer is neo-Calvinis, en dit is sy goeie reg, maar hierdie neo-Calvinistiese standpunt laat hom ongelukkig veels te veel oorhel na die isolasionistiese eiland van die neo-Calviniste wat in anderes nie veel goeds kan sien nie, en dus alle aanraking liewer wil vermy.

In ieder hoofstuk waarin een artikel behandel word, word ook 'n uitvoerige litteratuur opgawe gegee. Op minder gewenste wyse van

formulering in sommige artikels word die aandag gevestig. So bv. sê hy dat mens na 'n uiteensetting van die reformatoriese gedagtes van Calvyn oor die Openbaring, die redaksie van artikel 2 van die Belydenis nie kan bewonder nie. Nie dat daar onjuiste of ketterse gedagtes in sit nie, maar die ryk beskouings wat Calvyn ontsluit het, kom nie duidelik en doelbewus te voorskyn nie. Hy gee n' goeie oorsig van die kritiek van die Barthiane teen hierdie artikel. Hy verklaar dit as reaksies teen die Duitse teologie van die laaste tientalle van jare wat die verband tussen die twee middele waardeur God geken word, deur gesny het, waarop die sogenaamde „Duitse Kristene" wat die uitwas van die Nasionaal Sosialisme is, die natuur op die troon verhef het. Dis is o.i. volkome juis.

Soos reeds gesê, is die skrywer 'n volgeling van die teologie van Dr. A. Kuyper, en dit is jammer dat hy geen oog het vir die meermaal prinsipiële afwykings wat daar by Dr. Kuyper is van die Reformatoriese teologie. Hierdie studie sou, as dit ook krities teenoor die neo-Calvinisme gestaan het, 'n nog groter waarde gehad het. Die twee dele wat tot dusver verskyn het, gaan net tot Artikel 21, en dit is met besonder groot belangstelling dat ons uitsien na die verskyning van die derde deel om sy behandeling van Artikel 29, 34 en 36 te lees. Al stem ons nie altyd met die uitlegging van Dr. POLMAN in nie, is ons tog bly dat hy dit gepubliseer het. Mag die laaste deel die nodige registers bevat!

S. P. ENGELBRECHT.

---